

# Koringfokus

# Wheat focus

VOL 37.4

JULIE • AUGUSTUS 2019

AGRICO

**AGRICO**

*Meer as 100 jaar van diens!  
More than 100 years' service!*



# BESKERM VIR BETER GROEI

## FMC-Landbou-oplossings

Van elke wetenskaplike en landboukundige asook elke man en vrou, by FMC is ons passievol verbind om unieke innoverende oplossings te ontdek om gesonder gewasse te verseker.

Die liefde vir die land is wat ons verenig en ons deel dieselfde visie van 'n wetenskap wat aan die natuur toegewy is.

Ons produkte en dienste stel jou in staat om jou gewasse te versorg en uiteindelik volhoubare groei te bereik.

Kontak jou plaaslike FMC-verspreider om meer uit te vind oor die volgende koring- en garsprodukte: Aurora® 40 WG, Brush-off®, Express® Super, Glean® 75 DF, Coragen®, Altacor®, Steward® 150 EC, Steward®, Vantex® 60 CS, Impact® 250 SC en Early Impact®.

Aurora® 40 WG, bevat karfentrasoon-etiel (triasolinoon) Reg. Nr. L6794 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Brush-off®, bevat metsulfuronmetiel (sulfonielureum) Reg. Nr. L4535 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Express® Super, bevat chlorsulfuron, metsulfuronmetiel en tribenuronmetiel (sulfonielureum) Reg. Nr. L8212 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Glean® 75 DF, bevat chlorsulfuron (sulfonielureum) Reg. Nr. L1672 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Coragen®, bevat chlorantraniliproot (antraniliese diamied) (Rynaxypyr®) Reg. Nr. L8529 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Altacor®, bevat chlorantraniliproot (antraniliese diamied) Reg. Nr. L8467 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Steward®, bevat indoksakarb (oksadiasien) Reg. Nr. L6332 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Steward® 150 EC, bevat indoksakarb (oksadiasien) Reg. Nr. L8435 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik. Vantex® 60 CS, bevat gamma-sihalotrin (piretroïed) Reg. Nr. L7227 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Impact® 250 SC, bevat flutriafol (triasool) Reg. Nr. L4088 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Early Impact®, bevat flutriafol (triasool) en karbendasim (bensamidasool) Reg. Nr. L5175 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik.

FMC Chemicals (Pty) Ltd, Posbus 44, Postnet Menlyn, Waterkloof Glen, 0181, Republiek van Suid-Afrika. Tel: +27 12 003 2938.

Alle bogenoemde produkte is handelsmerke van FMC Corporation of sy affiliate. Datum: 01/2019.

TD 19/021

**GEbruik PLANTBESKERMINGSPRODUKTE MET VEILIGHEID EN VERANTWOORDELIKE SORG.  
VOLG TEN ALLE TYE AANWYSINGS OP ETIKET MET TOEDIENING VAN PLANTBESKERMINGS-PRODUKTE.**



# Koringfokus

## Wheat focus

VOL 37.4

JULY • AUGUST 2019

### VOORBLADFOTO:

Besproeiingskoring onder spilpunte soos dié van Agrico dra baie tonne by tot Suid-Afrika se koringproduksie. In die winterreëgebied waar die meeste koring verbou word, lyk klimaatstoestande aanvanklik beter maar die bepalende tydperk lê nog voor. Foto van Agrico.

REEDS 37 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 37 YEARS

### Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens; SA Graanlaboratorium; die Wintergraantrust; SA Agentskap vir Kultivar- en Tegnologieontwikkeling; Grain Farmer Development Association  
**Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente**



**MEDIACOM**

### Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:  
**Mediakom  
Posbus 20250  
Noordbrug  
2552**

Tel: 018 293 0622  
E-pos: info@mediacom.co.za  
www.mediacomcc.co.za

**REDAKTEUR:** Willie Louw  
**ADVERTENSIES:** Jana Greenall  
011 476 3702  
**UITLEG:** Roelien van der Westhuizen  
072 930 6721

### KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediacom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Die uitgewer behou die reg om taalversorging te doen aan bydraes wat vir publikasie ingedien word.



### AGRI-INFO

- 4 Reënvoorsigte vir 2019/20
- 8 Produksierisiko vir koring
- 13 Graan SA pas heffings aan
- 17 New Managing Director for ExperiCo
- 17 Symposium: New voices in cereal science and technology
- 18 Landbouerse span saam in belang van landbou en verbruikers
- 21 Crop Insurance: A vital tool minimising risk
- 24 Noordwes se boere kry kultivar-spyskaart vir volgende seisoen
- 25 Verspreider van alle saad verwag gunstige seisoen
- 27 Manufacturer presents extended product line
- 28 Naspeurbare eindprodukte kan koring laat kop optel



### KLEINGRAAN

- 7 The solution for diamondback moth in canola
- 11 To yield or not to yield
- 14 Luise op koring
- 26 Teler se wenke om koringproduksie te verbeter



### MARKET-INFO

- 5 Produsente beplan meer hektare vir koring
- 9 Invoertarifet het verhoog maar kwalifiseer vir volgende verhoging
- 20 SAGIS: Koringmarksituasie
- 22 SAGIS: Gars, hawer en kanola se marksituasie
- 30 SAGIS: Statistiek van produkte uit koring vervaardig



11

Trial for yield improvement



18

Inseknavoring deur Corteva Agriscience



28

Naspeurbare koringprodukte



4

Reënvoorsigte vir 2019/20



7

Diamondback moth in Canola



# Reënvoorsigte vir 2019/20

Johan van den Berg  
SANTAM LANDBOU

**H**OEWEL BOGEMIDDELDE reën teen die einde van die 2018/19-somerseisoen oor die sentrale tot oostelike dele van die land voorgekom het, duur die droogte intens voort oor die westelike en suidwestelike dele, asook dele van die Oos-Kaap en selfs kolle in Limpopo.

Groot dele van die somerreëng gebied is reeds sedert 2012 in 'n uitdrogingsiklus, met gevolg dat die droogte oor tyd al hoe meer intens word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die klimaat van Suid-Afrika en selfs globaal neig na semi-siklusse met agtereenvolgende seisoene met ondergemiddelde reënval, gevolg deur agtereenvolgende seisoene met bogemiddelde reënval.

Binne in hierdie siklusse kan daar egter jare wees wat nie tipies van die siklus is nie, want faktore soos El Niño en La Niña, die Indiese Oseaan se stand van see-oppervlaktemperatuur en ander faktore kan in een of twee seisoene afwykings veroorsaak.

## Waar staan ons tans?

Die uitdrogingsiklus wat van ongeveer 2012 af oor die grootste deel van die somerreëng gebied heers behoort baie naby aan die einde te wees. Ondersteunend hiertoe is die sonvleksiklus wat nou in die toenemende fase van aktiwiteit is, wat tradisioneel beter reënvaltoestande tot gevolg het.

Die afgelope seisoen is gekenmerk deur 'n swak El Niño wat soms nie ware El Niño karaktertrekke getoon het nie, omdat die koppeling tussen die see-oppervlaktemperatuur en die oorliggende weerstelsels nie plaasgevind het nie of nie volledig plaasgevind het nie. Daarmee saam het die Indiese Oseaan 'n redelike mate van verwarming oor die sentrale tot westelike



dele gehad, wat 'n reeks van intense tropiese siklone veroorsaak het oor die noordelike dele van Mosambiek, in die binneland tot in Malawië en Zimbabwe en ook die suidelike dele van Tanzanië.

Teen middel Junie 2019 was die swak El Niño wat sedert Oktober 2018 geheers het, steeds aan die gang. Daar is egter tekens van 'n afkoeling wat begin plaasvind, met koeler water uit die dieper lae wat na die oppervlakte kom en die Niño 1+2-gebied wat tans reeds ongeveer 0,4°C koeler is as normaal. Die ander Niño-gebiede is steeds tussen 0,6°C en 1,1°C warmer as normaal, wat swak El Niño-toestande aandui.

Die wintermaande in die Suidelike Halfrond is bekend daarvoor dat daar vinnige veranderings in die Niño-gebiede kan voorkom. Tans is die voorspellings dat daar ongeveer 'n 50% kans is dat El Niño gaan voortduur met 'n ongeveer 40% kans vir neutrale toestande en 'n 10% kans vir La Niña. Teen Augustus/September behoort daar meer duidelikheid te wees oor die verandering in die Niño-gebiede en dan ook wat betref reënvalvoorsigte vir die somer van 2019/20.

## Winterreëng gebied

Wat die winterreëng gebied betref, kan die huidige swak El Niño-toestande die reënval bevoordeel, hoewel korttermynvoorspellings nie baie positief is nie. Dit lyk tog asof ten minste die langtermyn gemiddelde reënval in Julie en Augustus kan voorkom, maar met baie onsekerheid in September.

Oor groot dele van veral die wintergraangebied het plantreën voorgekom, maar ondergrondse water is min en heelwat reën asook met gereelde tussenposes is nodig om die wintergraanoes te verseker. September sal egter tot 'n groot mate die oes bepaal.

## Samevatting

Hoewel toestande oor groot dele van die land en veral die somersaangebied baie beter is as in die afgelope paar seisoene, is daar steeds die onsekerheid oor die El Niño-verskynsel wat sedert Oktober 2018 aan-en-af voorkom en dalk ook in die 2019/20-seisoen 'n uitwerking kan hê. Dit is egter nog te vroeg om enige waarde aan voorspellings vir die somerseisoen te heg en meer sekerheid sal eers op die vroegste teen die einde van Augustus verkry kan word. 🌱



# Produsente beplan meer hektare vir koring

**IN PROVINSIES WAAR DIE** meeste van Suid-Afrika se koring geplant word, beplan produsente om méér in die nuwe seisoen (2018/19) te plant – met die uitsondering van die Noord-Kaap. Volgens die departement van landbou se Oesskattingskomitee (NOK) kan aanplantings met meer as 2% of 10 100 ha toeneem teenoor die vorige seisoen.

Dié gegewens is volgens produsente se voorneme om wintergewasse te plant en dit is gebaseer op 'n opname van die departement se direktoraat: statistiek en ekonomiese ontledings (**Tabel 1**). Dit weerspieël die situasie teen die middel van April 2019.

Vroeë aanduidings is dat produsente van voorneme is om 513 450 ha koring vir die 2019-produksieseisoen te plant. Die grootste produserende gebiede is in die Wes-Kaap, met 324 000 ha (63%), gevolg deur die Vrystaat met 105 000 ha (20%) en die Noord-Kaap met 34 000 ha (7%).

In die Wes-Kaap, Vrystaat en Limpopo gaan die aanplantings na verwagting toeneem en in die Noord-Kaap en Noordwes afneem.

**Tabel 1: Koringplantvoorneme 2019-seisoen. Bron – NOK.**


Provinsie	Voorname/ ha 2019	Oppervlak beplant ha 2018	Afname / Toename ha
Wes-Kaap	324 000	318 000	+ 6 000
Noord-Kaap	34 000	38 000	- 4 000
Vrystaat	105 000	100 000	+ 5 000
Oos-Kaap	3 500	1 650	+ 1 850
KwaZulu-Natal	7 500	7 000	+ 500
Mpumalanga	3 450	3 500	- 50
Limpopo	22 000	20 000	+ 2 000
Gauteng	1 000	200	- 200
Noordwes	13 000	14 000	- 1 000
<b>Totaal</b>	<b>513 450</b>	<b>503 350</b>	<b>+ 10 100</b>

Die NOK se statistiek vir koring verteenwoordig die totale aantal hektare wat werklik vir graan geplant gaan word. Dit sluit hektare vir groenvoer en weiding uit.


Wat die ander wintergewasse betref, dui die NOK se opname daarop dat aanplantings van moutgars op 118 500 ha bykans dieselfde gaan bly, hoewel dit met 0,42% of 500 ha verminder.

Die verwagte aanplantings van kanola is 80 000 ha, wat 3,90% of 3 000 ha meer is as die 77 000 ha wat in 2018 beplant is.

Die voorlopige oppervlakteskatting vir wintergewasse vir 2019 word 25 Julie 2019 virgestel. 🌾



**Figuur 1: RSA moutgarsaanplantings in ha 2005 – 2019. Bron – NOK.**



**Figuur 2: RSA kanola-aanplantings in ha 2005 – 2019. Bron – NOK.**

## Continual improvement


in wheat cultivars and their performance since 1958.

[www.sensako.co.za](http://www.sensako.co.za)

Sensako has been at the forefront of breeding in South Africa for 60 years, and our wheat cultivars are tested and trusted by wheat producers to be the best.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690, Napier +27 (0) 28 423 3313, Langebaan +27 (22) 772 1611

# Lepidoptera halt, stuit 1, 2...!



vinnige uitklopaksie stop voeding onmiddellik met geen verdere gewasskade

stabiliseer die produk in die spuitenk

verseker beter bedekking

beskerm die produk teen afbraak deur sonlig

met gepatenteerde Zeon tegnologie is AMPLIGO geformuleer as unieke en uniforme mikro-kapsules

beheer alle lewenstadia motte, eiers en larwes

lang nawerking  
verseker effektiewe beheer met minder toedienings



 **SmartFarm**  
Inspired

 **Ampligo**<sup>®</sup>

**syngenta**<sup>®</sup>

LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.  
AMPLIGO<sup>®</sup> bevat chloorantranilipropool en lambda-sihalotrien (Reg. Nr. L8685, Wet Nr 36 van 1947) SKADELIK.  
Syngenta Suid-Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541 4000. [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)  
Alle gelyste produkte is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Group Maatskappy.

 @SyngentaSA

# The solution for diamondback moth in canola

Tia Ferreira  
SYNGENTA

Although the severity of the diamondback moth differs in areas and seasons, it has the ability to develop into a serious problem in the Western Cape. The insect is capable to migrate over long distances can develop resistance to insecticides.



Figure 1: Diamondback adult moth (left), larva (middle) and pupa (right).

**THE DIAMONDBACK MOTH**, *Plutella xylostella*, is the main insect problem in canola worldwide. It is a small moth with a diamond pattern on the closed wings and occurs from July to September in the Western Cape area.

If canola is planted in areas where other cabbage type crops are also planted, the problem of the diamondback moth could be more threatening. Larvae of the diamondback moth cause the most plant damage. The larvae are often heavily underrated and they cause more damage than generally considered.

Upon hatching, young larvae first burrow between the upper and lower leaf surfaces creating "mines". These result in "windowpane" tunnels and scars upon the leaves. As larvae grow, they begin to feed through larger areas of the leaf, creating small irregular holes. Usually leaf damage by larval feeding is cosmetic and only results in minor yield reductions. Occasionally, high populations can lead to entire leaves being eaten, total plant defoliation and possibly loss of plant stand.

The severity of the problem differs from area to area and from season to season. It has the ability to develop into a serious problem in the Western Cape and therefore control is important. The insect can also feed on weeds like wild mustard and can migrate over long distances.

The diamondback moth can develop resistance to insecticides and alternating the chemical products is advised. The larvae cause the most damage in warm dry seasons. With rainfall of 5 mm to 8 mm in a 24-hour period, it does have the ability to lower the population dramatically. In early winter, numbers are low and gradually increase as the season progresses and the diamondback moth can go through three to five generations per season.

Syngenta's solution for the insect is their product Ampligo,

which has a quick knockdown effect combined with residual action. It contains two complimentary active ingredients, chlorantraniliprole and lambda cyhalothrin. As a result of the complimentary effect of the two active ingredients, all the development stages of the diamondback moth are controlled. This includes eggs that come in contact with the product, the larval stages as well as the adults.

The winter in the Western Cape is very wet and rainy and therefore Ampligo is the perfect solution as it is extremely rainfast. Ampligo showed excellent rainfastness in trials where up to 30 mm of simulated rainfall was applied one hour after application. The product is formulated as a unique and uniform micro capsule (Figure 2). This technology stabilises the product in the spray tank, gives better coverage, protects against degradation by sunlight and therefore leads to longer residual activity. ♡




Figure 2: The size of the conventional micro capsule compared to the Zeon capsule of Ampligo.

# Produksierisiko vir koring in Suid-Afrika

**Johan van den Berg**  
SANTAM LANDBOU

**DI MEESTE DROËLANDKORING** in Suid-Afrika word in die Wes- en Suid-Kaap geplant. In die Vrystaat het oppervlaktes in die laaste twee dekades baie skerp gedaal. Koring onder besproeiing in die meeste groter waterskemas, asook langs kleiner waterbronne, dra verder by tot produksie in Suid-Afrika.

Baie oningeligte mense kan nie verstaan waarom daar in die meeste jare 'n oorproduksie is van somergrane, maar konstant byna die helfte van die koringverbruik in Suid-Afrika ingevoer moet word nie. Volgens die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) is slegs 48,2% van die verbruik in Suid-Afrika in die 2017/18-seisoen self geproduseer teenoor ongeveer 97% in die 2000/01-seisoen.

## Waarom plant boere nie meer koring nie?

Verskeie faktore is verantwoordelik waarom koringproduksie nie 'n groter omvang in Suid-Afrika het nie, waarvan ongunstige klimaatstoestande die belangrikste faktor is.

As die drie belangrikste komponente van koringproduksie in Suid-Afrika afsonderlik ontleed word, lyk dit soos volg:

## Wes- en Suid-Kaap

Hierdie gebied lewer hoofsaak droëlandproduksie en droogte is die grootste risiko. Historiese reënvalontledings vir 'n plek soos Moorreesburg toon byvoorbeeld dat agtereenvolgende jare met ondergemiddelde reën deel is van die gebied se



klimaat en dat dit veral die winsgewendheid van produksie baie benadeel.

Sedert 1915 was daar reeds ses droogteperiodes wat vyf jaar of langer aangehou het: 1927-1942 wat 'n periode van 15 jaar met ondergemiddelde reënval was; 1946-1951 was ses jaar lank; 1965-1973 was nege jaar lank; 1979-1983 was vyf jaar lank; 1997-2006 was 10 jaar lank en dan ook van 2014 af. Hoewel daar ook groepe agtereenvolgende jare met bogemiddelde reënval was, is dit baie moeilik of selfs byna onmoontlik om volhoubaar te boer met lang periodes van ondergemiddelde reënval.

Die hoeveelheid reën bepaal nie altyd die produksietoestande nie en die verspreiding oor tyd is ook baie belangrik. Meimaand is die maand waarin geplant moet word. Die langtermintendens is dat vir 'n plek soos Moorreesburg die reënval sedert 1915 besig is om af te neem. Hierdie is duidelik ervaar deur produsente wat gesukkel het of byna nie betyds kon plant in die afgelope paar seisoene nie. Daar was ook 'n effense afname in reënval oor tyd vir September en Oktober wanneer die wintergrane baie sensitief is vir droogte maar 'n toename in reënval in November wanneer grane gestroop moet word.

## Vrystaat

Die Vrystaat was 'n paar dekades gelede 'n baie groot droëlandkoringprodusent. Droogtes en gevolglike min ondergrondse water in veral die laaste twee dekades was hoofsaaklik verantwoordelik dat die Vrystaat se koringoppervlaktes met byna 80% verminder het. Verskeie risikofaktore was hiervoor verantwoordelik, maar veral ondergemiddelde reënval in die kritieke maande van September en Oktober in die laaste paar dekades het swak opbrengste tot gevolg gehad.

Clocolan in die Oos-Vrystaat het byvoorbeeld in net 11 van die laaste 20 jaar meer as 30 mm reën in Oktober gehad. Dit verteenwoordig 55% van die jare. Indien dit vergelyk word met die tydperk van 1950 tot 1999, het 78% van die jare




meer as 30 mm in Oktober gehad. In die sentrale tot westelike dele van die Vrystaat lyk die situasie nog swakker. Bykomende risikofaktore wat die laaste paar jaar 'n groter uitwerking begin uitoefen is laat ryp, warmer winters (minder koue-eenhede) en hittegolwe in veral November.

### Besproeiingsgebiede

Hier is die grootste risiko wat veral in die laaste paar seisoene prominent was die voorkoms van baie laat koue en ryp. Dit is veral waargeneem in die toename in rypskade-eise wat verskerkers uitbetaal. Haelskade bly ook een van die groot risiko's vir koringproduksie in die somerreëgebied.

### Samevatting

Hoewel daar 'n groot produksieruimte vir koring in Suid-Afrika is, bly die klimaatsrisiko die belangrikste beperkende faktor. Daar is ook aanduidings dat veranderde weerpatrone die produksie van wintergrane verder kan beïnvloed. Producente en voornemende producente moet hulle gevolglik deeglik van die risiko's vergewis en bestuursbesluite daarvolgens neem, waarvan versekering een kan wees. 🌱



# Invoertarief hét verhoog maar kwalifiseer vir volgende verhoging

**INDIEN DIE OWERHEID** sy normale werkswyse met koring se invoertarief volg, kan die tarief in Julie 2019 tot R664,70/ton verlaag word. Die veranderlike koringtarief is 14 Junie 2019 tot R958/ton verhoog, maar op 11 Junie 2019 het die snellertarief reeds weer vir 'n volgende invoertarief van R664,70/ton gekwalifiseer.

Dit neem die kommissie vir internasionale handelsadministrasie (Itac), wat vir die aankondiging van die invoertarief in die Staatskoerant verantwoordelik is, gemiddeld 39 dae om 'n nuwe tarief aan te kondig nadat die vereiste datum aangebreek het. Dié gemiddeld is bereken volgens Itac se aankondiging van die tarief in die afgelope ses aanpassings.

Die lang tydperk wat dit neem om die aangepaste tarief af te kondig, word dikwels deur die bedryfsleiers gekritiseer omdat dit onsekerheid in die mark skep. Nog 'n punt van kritiek is dat die grootste voordeel uit 'n tariefverhoging nie ten gunste van producente, die koringbedryf of verbruikers aangewend word nie – dit beland in die staat se sak.

In 2017 het Graan SA met 'n regsproses begin om die regering te dwing om die tarief aan te pas nadat dit geruime tyd gesloer het.

Die tarief word aangepas volgens prysvlakke van die internasionale koringprys en het ten doel om, soos 'n basisprys, Suid-Afrikaanse koringproducente teen dalende internasionale pryse te beskerm. Die tarief word met 'n formule bereken wat die verskil aandui tussen die internasionale prys en die Suid-Afrikaanse verwysingsprys, wat tans R279/ton is. Die tarief tree in werking (sneller) wanneer die verskil vir drie weke méér as \$10/ton is. 🌱

### Koringtariefaanpassings Julie 2018 – Junie 2019.

Datum waarop tariefaanpassing sneller	Gepubliseerde tarief (R/ton)	Publikasiedatum in Staatskoerant	Tydperk verloop voor tariefaan-kondiging (dae)
12 Junie 2018	281,70	13 Julie 2018	31
10 Julie 2018	640,60	24 Aug 2018	45
14 Aug 2018	298,45	28 Sept 2018	45
11 Sept 2018	490,70	19 Okt 2018	38
12 Maart 2019	675,10	24 Mei 2019	43
14 Mei 2019	957,95	14 Junie 2019	31
11 Junie 2019	(*664,70)		

\*verwagte tarief

**Boerdery het verander.**  
Behoort jou versekering nie ook dieselfde te doen nie?

Bel jou makelaar of gaan na [www.santam.co.za/products/agriculture](http://www.santam.co.za/products/agriculture) vir meer inligting.

**santam**  
landbou

A premium triazole and superior strobilurin for effective disease control on wheat and barley

## ACADEMY 250 SC

*Picoxystrobin*

- Superior strobilurin with broad-spectrum control
- Maintains green leaf area (greening-effect)

NEW FROM VILLA

## SUPERIOR TANK-MIX

## SANTANA 480 SC

*Prothioconazole*

- New generation triazole
- Systemic movement in xylem
- Preventative as well as curative

### Both **ACADEMY 250 SC** and **SANTANA 480 SC** are registered on:

Wheat: brown rust (*puccinia triticina*), stem rust (*puccinia graminis*), speckled leaf and glume blot (*septoria spp.*), powdery mildew (*brumeria graminis tritici*)

Barley: net blotch (*pyrenophora teres*), leaf spot (*rhynchosporium secalis*), leaf rust (*rhynchosporium secalis*), powdery mildew (*brumeria graminis tritici*)

### MORE OPTIONS FOR MORE CONTROL

ALWAYS READ THE LABEL BEFORE USE

Products are registered under Act 36 of 1947.

ACADEMY 250 SC Active ingredient: picoxystrobin (strobilurin) 250 g/l, Reg. No. L10034 (harmful);

SANTANA 480 SC Active ingredients: Prothioconazole (triazole) 480 g/l, Reg No L10049 (harmful).

Registration holder: Villa Crop Protection (Pty) Ltd., Co. Reg. No. 1992/002474/07,

PO Box 10413, Aston Manor, 1630. Tel. (011) 396-2233

| [www.villacrop.co.za](http://www.villacrop.co.za)

**villa** 

Ten commercial wheat cultivars were used as yield checks to benchmark potential yield performance in the high-yielding field trial. This included cultivars representing each of the three major production regions.

# To yield or not to yield

**Drs Scott Sydenham, Annelie Barnard and Barend Wentzel**

ARC-SMALL GRAIN, BETHLEHEM

**AGRICULTURE GLOBAL FOOD** picture: With an estimated world population of 9 billion by 2050, the expected demand for wheat will increase by 60%. “In the next 50 years we will need to produce as much food as has been consumed over our entire human history.” – Megan Clark, Commonwealth Scientific and Industrial Research Organisation (CSIRO) Australia. The annual international wheat yield must therefore increase to meet this demand, from the current level of below 1% to at least 1,6%.

## Through the crystal ball

Looking into the immediate future, will South Africa have access to enough wheat to feed the growing nation? Wheat production in South Africa has shown a drastic decline over the past 15 years. The Bureau for Food and Agricultural Policy projected, in the next five years the three major wheat production regions will plateau at 250 000 ha for the winter rainfall area, 100 000 ha for irrigation and approximately 40 000 to 50 000 ha for the Free State, if the situation is not changed.

South Africa produced 1,8 million metric tons (MT) and imported 1,7 million MT of wheat in 2018. Approximately the same amount was produced in 1998 (1,884 million MT), however, only 0,585 million MT were imported, pointing to the steady increase in demand.

These figures indicate the drastic need for research and development to alleviate import dependence. It is estimated that by 2024 approximately 2,5 million MT will need to be imported with the current yields. Recently there have been speculations that a 20-30% (5% per annum) increase in existing yields is required over this time period to make a significant impact to the South African wheat industry. How can this possibly be achieved?

Sustainable wheat production and national food security remains under threat due to climate change, market price fluctuations, narrow profit margins and alternative crops. Serious

interventions are required on releasing climate resilient high yielding wheat cultivars with acceptable bread making quality.

## Research to improve wheat yield

A pre-breeding team at ARC-Small Grain has been working on a dedicated yield improvement project since April 2017. This project is recognised as a contributing aligned project of the International Wheat Yield Partnership (IWYP). IWYP is a closed global wheat consortium tasked with chasing wheat yields under different targeted international research projects with the sole mandate of improving global wheat yields by 50% by 2030. This has to be achieved through novel scientific and technological approaches to yield improvement. Researchers from ARC-Small Grain are acknowledged by IWYP as the project leaders and the contributors from South Africa. This international partnership is of great benefit to the entire South African wheat industry.

## High-yield potential

The first high-yielding field trial was planted at ARC-Small Grain, Bethlehem on 16 July 2018 under supplementary irrigation. The material (232 entries) was planted by hand in 2 m rows, and replicated twice. To be able to benchmark potential yield performance, 10 commercial wheat cultivars were used as yield checks (replicated 15 times). The 10 commercial checks were recommended and supplied by the respective breeders of ARC, Sensako and Pannar. This included cultivars representing each of the three major production regions.

The assembled high-yielding germplasm panel consisted of 108 selections from 17 different international nurseries that were planted in 2016 and 2017, 10 entries from Stellenbosch University Plant Breeding Laboratory (SUPBL), 5 lines from ARC and two complete international yield nurseries. The 108 selections were made based on the molecular data of targeted yield component genes, the 2017 nursery yield performance

TO PAGE 12 >>>

**To yield or not to yield**

◀◀◀ FROM PAGE 11



The first high-yielding field trial with 232 entries was planted by hand in 2 m rows, and replicated twice at ARC-Small Grain, Bethlehem.



During the season, numerous yield component trait measurements and general observations were taken in the high-yielding field trial at ARC-Small Grain, Bethlehem.

data and phenotypic observations.

During the season, numerous yield component trait measurements and general observations were taken per entry. The amount of water supplied to the trial was carefully monitored for the period of July 2018 to the end of December 2018. A total of 370 mm of moisture was supplied during this period, including the 120 mm of rainfall. On average 50-75 mm per month was constantly given at the crucial crop growth periods and grain filling stages. **Figure 1** shows the rainfall and irrigation values compared to the normal average rainfall, with the daily maximum and minimum temperatures experienced for the same period, to put the yields achieved into perspective.

**Yield performance**

The average yield performance of the 10 commercial cultivars was 4,93 t/ha, varying from 3,75 t/ha up to 5,83 t/ha (**Table 1**).

The average yield of the test entries in the trial was 5,50 t/ha, which is 11% higher than the average of all the commercial cultivars. The average yield of all test entries across the two replicates varied from a low of 2,29 t/ha up to 8,24 t/ha.

The 10 highest yielding entries in this germplasm panel were all from the original 108 selections that were previously selected. These entries averaged 7,43 t/ha, with averages ranging from 6,96 t/ha to 8,24 t/ha. This average of the top yielding selections is 50% higher than the overall average of the 10 commercial cultivars and 27% higher than the best performing cultivar. The highest yielding test line averaged 8,24 t/ha, which is a staggering 67% higher than the average of the 10 commercial checks, and 40% higher than the best performing check (**Table 1**).

These top yielding selections had similar tillering ability to the cultivar checks. However, the average thousand kernel weight/mass (TKM), grain number per spike and grain size of the test entries were significantly higher than the 10 commercial checks. Importantly, 20 of the best performing lines, selected to be taken forward in 2019, were all from the 108 original selections, demonstrating the phenomenal progress which has been made by identifying certain selection criteria thresholds, the applications of yield component markers, new digital tools and developing key phenotyping methods.

This high-yielding potential germplasm was identified in the first two years of this project by ARC-Small Grain, which signifies that there is hope on the horizon for all South African wheat producers. The top selections will be planted for a

**Table 1: The yield performance of 10 commercial wheat cultivars compared to the test entries with yield potential planted at ARC-Small Grain, Bethlehem in the 2018 season.**

Cultivar/ Entry	Yield (t/ha)
Check 1	5,03
Check 2	4,99
Check 3	5,59
Check 4	4,02
Check 5	3,75
Check 6	4,89
Check 7	5,25
Check 8	5,28
Check 9	4,64
Check 10	5,83
Average of all checks	4,93
Average of 232 test entries	5,50
Average of 10 highest yielding entries	7,43

second year in an intensive yield trial in Bethlehem, together with a number of new introductions. Some of these high-yielding lines will be screened in a limited number of adaptability trials, representative of three different production regions in 2019. These same selections are currently being evaluated and analysed for their bread making quality. After careful scrutiny of all the data on hand, several lines will be chosen as crossing block parents in attempt to develop lines with even higher yielding potential.

The authors would like to acknowledge all the technical staff at ARC-Small Grain that have contributed to the success of this project to date.

*This research was made possible by financial support of the Winter Cereal Trust and the ARC.*

Disclosure: The researchers leading this study are well aware of the effect that environmental conditions, seasonal fluctuations and genotype adaptability will have on the actual yield obtained from the germplasm. However, the sole mandate and aim of this pre-breeding project, in collaboration with IWYP, is to identify wheat germplasm with high-yielding genetic potential that can benefit the South African wheat industry. 🌾




Figure 1: The total rainfall (purple) and irrigation (green) supplied compared to the 5-year rainfall average (grey) for Bethlehem, with average day and night temperatures indicated for the period of 16 July to 20 December 2018.

# Graan SA pas heffings aan

**TYDENS 2019 SE KONGRES** het Graan SA sy gedifferensieerde heffings vir gewasse aangepas. Die aanpassing het 1 April 2019 in werking getree en is gegrond op die verbruikersprysindeks.

Die organisasie het sy dank uitgespreek vir lede se goeie reaksie met heffingsbetalings in die vorige seisoen.

“Inkomste uit heffings is Graan SA se hartklop sodat werksaamhede voortgesit kan word,” het Ralf Küssel, voorsitter van die bemarkingswerkgroep, tydens die kongres gesê. “Hoewel kommoditeitspryse onder druk bly, het lede hulle bydrae positief gelewer. Dit is ook te danke aan hoofbestuurslede en die bemarkingspan se harde werk en aan invorderingsagente, wie se werk van onskatbare waarde is.”

Die 2017/18-seisoen se heffingsinkomste was R19,5 miljoen en R3 miljoen meer as waarvoor begroot is. Dit word onder meer aan groter aanplantings toegeskryf as waarvoor tydens die 2018-kongres begroot is.

Graan SA se ledetal het in die afgelope jaar min of meer konstant gebly, ten spyte van produsente wat boerdery of plase verlaat het en die konsolidasie van kleiner plase in groter eenhede. Die organisasie se fokus is steeds om diens aan Suid-Afrika se graanprodusente te kan lewer.

In sy voorsittersverslag het Jaco Minnaar ook lof gehad vir lede wat ondanks die droogtetoestande hulle verpligtinge vrywillig

nagekom het. Dié gesindheid is opmerklik in ‘n tydsges tees waarin Suid-Afrikaners toenemend negatief raak om belasting aan die regering te betaal.

Jaco het ‘n beroep op lede gedoen om meer produsente te oortuig van die waarde wat lidmaatskap van Graan SA bied sodat die organisasie nog meer waarde kan toevoeg. 🌾

## Graan SA bedryfsheffings vir 2019 (BTW uitgesluit).

Gewas	Heffing
Koring	R3.50
Gars	R3.50
Kanola	R4.70
Grondbone	R11.50
Sorghum	R3.00
Sonneblom	R6.00
Sojabone	R6.00
Mielies	R3.00
Alle ander graan	R3.00

# Luise op koring

Hendri Strydom  
NULANDIS

Virussiektes in grasspesies is 'n wêreldwye probleem wat plaaslike koringprodusente ook nie vryspring nie. Verskeie luisspesies versprei een van hierdie siektes, garsgeeldwergvirus, wanneer hulle voed. Weerstandbiedende kultivars en 'n goeie beheerprogram teen luise is die doeltreffendste raad wat produsente kan volg.

**S**OOS DIE MEESTE landbougewasse het koring baie uitdagings, wat die bestuur daarvan uniek maak. Koring is gasheer vir verskeie siektes en plaë en is boonop blootgestel aan 'n probleem wat die meeste boere en agente slapelose nagte gee, naamlik virussiektes. Die grootste probleemvirus in die afgelope jare op droëland- en besproeiingskoring is die garsgeeldwergvirus (*barley yellow dwarf virus* of BYDV). BYDV is 'n probleem van internasionale omvang wat verskeie grasspesies kan besmet, insluitend koring en gars.

BYDV se simptome kan wissel van geringe tekens tot en met 'n oesverlies van 30% tot 40% weens besmettings vroeg in 'n seisoen<sup>3</sup>. Die algemeenste simptome van BYDV-besmetting is 'n verdwering en blaarpuntvergeling<sup>3</sup>. By koring is daar 'n vergeling van blare tot 'n kleurverandering na rooi by ouer blare. Gars kan helder geel vertoon.

Die enigste metode waarop BYDV versprei is deur middel van vektoroordraging – in hierdie geval deur verskeie luisspesies<sup>3</sup>. Die luise voed op besmette plante deur plantsap uit die floem in hulle stilette op te trek. Die luise, wat nou 'n draer van die "latente" virus is, beweeg na 'n volgende gesonde plant toe, plaas sy stilet in die plant en besmet dit deur middel van speekseloordraging in die floem waar hy voed.

Dié metode van voeding is die rede waarom virusskade dikwels kol-kol in 'n land voorkom. Luise kan ook na 'n gevleuelde vorm oorgaan wanneer toestande ongunstig raak en hulle wil migreer. Dit stel hulle in staat om baie lang afstande in lugstrome af te lê. Deur luise se migrasietendense kan BYDV baie ver versprei word, wat die identifikasie van die besmetting se oorsprong baie moeilik kan maak.

Die twee doeltreffendste metodes om BYDV te bekamp is om weerstandbiedende kultivars te plant en om 'n goeie luise-beheer- (vektor) program te handhaaf.

## Luisspesies op Suid-Afrikaanse koring

Die algemeenste luisspesies op plaaslike koring en gars is die



Garsgeeldwergvirus (BYDV) op koring.

Garsgeeldwergvirus (BYDV) op gars.

hawerluise (*Rhopalosiphum padi*), bruinaarluise (*Sitobion avenae*) en graanroosluise (*Metopolophium dirhodum*). Die spesie wat die meeste verwoesting kan aanrig is die Russiese koringluise (*Diuraphis noxia*), wat gewoonlik sporadies voorkom.

## HAWERLUIS

Die hawerluise kom wydverspreid in Suid-Afrika voor. Dit is donkergroen met 'n rooierige verkleuring op die abdomen. Die hawerluise kom gewoonlik tydens stoelstadium in die koring voor en beweeg teen blomstadium weer uit die koring<sup>1</sup>. Die luise voed veral op die stamme, waar hulle naby die grond opgespoor kan word tydens besmettings in die vroeë seisoen. Tydens latere besmettings kan hulle op die stam onder die aar opgespoor word<sup>2</sup>.

Hawerluise is bekend vir hulle doeltreffende oordraging van BYDV<sup>3</sup>. Omdat hulle koring vroeg kan besmet, is dié luise 'n pes wat baie noukeurig dopgehou moet word. Voedingskade het 'n effek op die gewas, maar die pes raak 'n baie groter bedreiging vir gewasskade wanneer virusoordraging ter sprake kom<sup>3</sup>. Dit het 'n voorkeur vir vogtige Wes-Kaapse toestande en vir besproeiingsgebiede<sup>2</sup>.

NA BLADSY 16 >>>

Tabel 1. Spuitdrempelwaardes vir verskillende luisspesies (noordelike Suid-Afrika) <sup>3</sup>.

Luisspesie	Wanneer om chemies op te tree
Groenkoringluise/ Droëlandkoringluise Hawerluise Bruinaarluise Roosgraanluise	As daar teen vlagbaar 25% van die halm besmet is met meer as 10 luise per halm, moet chemies opgetree word.
Russiese koringluise	As 7% van die plante by GS12 (eerste node verskyning) besmet is moet chemies opgetree word.
In streke waar BYDV algemeen voorkom.	Voorkomende chemiese program.

# CYPERFOS 500 EC

*Vir effektiewe luisbeheer op koring*

 **NULANDIS**<sup>®</sup>  
*unlocking nature's potential*

A business of  
 **AECI**  
Plant & Animal<sup>™</sup>  
Health

Nulandis<sup>®</sup> 'n Afdeling van AECI Beperk

Tel.: (+27 11) 823 8000

AECI Chem Park, Bergrievier Rylaan 200, Chloorkop, Kempton Park, 1619  
Posbus 14418, Witfield, 1467, Gauteng, Suid-Afrika

CYPERFOS 500 EC Reg. Nr. L7606, Wet Nr. 36 van 1947  
CYPERFOS 500 EC bevat Chloorpirifos (Organofosfaat) (Skadelik)  
CYPERFOS 500 EC: Registrasiehouer: Nulandis<sup>®</sup>  
( 'n Afdeling van AECI Beperk)

# Luise op koring

◀◀ VANAF BLADSY 14

**Tabel 2. Spuitdrempelwaardes vir verskillende luisspesies (Wes-Kaap en Swartland) <sup>9</sup>.**

Luisspesie	Wanneer om chemies op te tree
Hawerluis	5 - 10 Luise per plant op 20 - 30% van plante voor groeistadium 15 (aarverskyning).
Bruinaarluis	GS 15 - 17 (punt van aar verskyn): 20 - 30% van halms besmet met 5 - 10 luise. Ná GS 17, as 50% van die halms met > 10 luise besmet is.
Russiese koringluis	Opkoms tot stoel; meer as 20% van plante besmet.
	Stoel tot aar: meer as 30% van plante besmet. Ná aar: geen bespuiting.

**Tabel 3. Aanbevole beheeropsies op koring <sup>10</sup>.**

Aktiewe bestanddeel	Luisspesies	Onthoudingsperiode
Imidaklopried (saadbehandeling)	Russiese koringluis.	28 dae
Tiametoksam (saadbehandeling)	Russiese koringluis.	56 dae
Mospilan SG & Doublestar 25 SL (Asetamipried)	Groenkoringluis, bruinaarluis & hawerluis (Mospilan SG) Hawerluis en roosgraanluis (Doublestar 25 SL).	56 dae
Lirifos 480 EC (Chloorpirifos)	Groen- en bruinplantluise & Russiese koringluis.	32: 35 vir voer
Cyferfos 500 EC (Chloorpirifos + Sipermetrien)	Russiese koringluis.	32: 35 vir voer
Dimetoaat	Groen- en bruinplantluise & Russiese koringluis.	21: 21 vir voer
Imidaklopried (bespuiting)	Groen- en bruinplantluise & Russiese koringluis.	28 dae
Tiametoksam (bespuiting)	Groen- en bruinplantluise & Russiese koringluis.	28 dae
Paration	Groen- en bruinplantluise.	21: 21 vir voer
Pirimikarb	Groen- en bruinplantluise.	7: Geen voer

## BRUINAARLUIS

Die bruinaarluis kan in twee vorme voorkom, naamlik bruin en groen. Die luise se bekendste kenmerk is die lang, pikswart heuningbuis<sup>2</sup>. Die bruinaarluis kan van die vlagblaarstadium af voorkom, maar dit raak ná blom 'n groter probleem wanneer hulle op beweeg in die aar, waar hulle dan voed en vinnig vermeerder<sup>1</sup>. Dit het 'n voorkeur vir vogtige Wes-Kaapse toestande en vir besproeiingsgebiede<sup>2</sup>.

## GRAANROOSLUIS

Die graanroosluis is gewoonlik liggroen en het 'n donkergroen streep op die rug. Die heuningbuis is lank en dieselfde kleur as die liggaam<sup>2</sup>. Dié luis verskyn onder gunstige toestande eers tydens vlagblaarstadium en die getalle begin gewoonlik tydens korrelvul afneem<sup>1</sup>. Dit het 'n voorkeur vir vogtige Wes-Kaapse toestande en vir besproeiingsgebiede<sup>2</sup>.

## RUSSIESE KORINGLUIS

Hoewel die Russiese koringluis baie sporadies voorkom, is dit die skadelikste plantluis in Suid-Afrika<sup>2</sup>. Die luis kan geïdentifiseer word deur die dubbelstert en die afwesigheid van sigbare heuningbuis<sup>4</sup>. Die Russiese koringluis het 'n voorkeur vir warm, droë omgewingstoestande, in teenstelling met die ander drie luise wat die teenoorgestelde toestande verkies<sup>2</sup>. Die hoofrede vir die luis se voorkeur vir warmer droë toestande is omdat dit baie vatbaar is vir swamsiektes onder vogtige, hoë humiditeit en digte aanplantings.



Hawerluis.

Bruinaarluis.



Graanroosluis.

Russiese koringluis.

\* Produsente kan beheeropsies vir luise met 'n tegniese adviseur van Nulandis bespreek om sodoende die doeltreffendste moontlikhede vir 'n streek te identifiseer. Doeltreffendheid en produkvoorkeure kan van streek tot streek wissel.

### Verwysings

1. Prinsloo, G. Insekbeheer op koring in die Wes-Kaap: Kan ek vooraf beplan daarvoor? Landbounavorsingsraad Klein graaninstituut, 'n Onderafdeling van die veldgewasse Divisie, Bethlehem.
2. Prinsloo, G. 2016. Handleiding vir die produksie van klein-grane in die winterreënvalgebied 2016. LNR-Kleingraaninstituut. Universiteit van Stellenbosch.
3. Prinsloo, G. 2017, Junie. Plantluise en virus oordraging op koring: Waarna om te kyk. LNR-Kleingraan, Bethlehem.
4. 2017, Januarie. Russian wheat aphid. Plant Health Australia.
5. Figuur 1 & 2: <https://cropwatch.unl.edu/barley-yellow-dwarf-virus-widespread-wheat>
6. Figuur 3, 4 & 5 verkry van dr. Goddy Prinsloo van LNR-Kleingraan, Bethelhem.
7. Figuur 6: [http://www.agriculture.gov.au/pests-diseases-](http://www.agriculture.gov.au/pests-diseases-weeds/plant/russian-wheat-aphid)

- weeds/plant/russian-wheat-aphid
8. Bothes, A. 2018. Die invloed van verskillende luisspesies op koring.
9. Potgieter, F. 2019, Nulandis RSM Swartland. Persoonlike kommunikasie.
10. Van Zyl, K. 2019. A guide to crop management in South Africa. A croplife South Africa compendium.

Registrasiehouer: Nulandis® ('n Afdeling van AECE Beperk) Reg. Nr. 1924/002590/06.  
 DOUBLESTAR® 25 SL, Reg. Nr. L8884, Wet Nr. 36 van 1947  
 DOUBLESTAR® 25 SL bevat Asetamipried (asetamidien) (Versigtig)  
 DOUBLESTAR® is 'n geregistreerde handelsmerk van AECE Beperk (Nulandis® 'n afdeling van AECE Beperk)  
 LIRIFOS™ 480 EC, Reg. Nr. L4883, Wet Nr. 36 van 1947  
 LIRIFOS™ 480 EC bevat Chloorpirifos (organofosfaat) (Skadelik)  
 LIRIFOS™ is 'n hangende handelsmerk van AECE Beperk (Nulandis® 'n afdeling van AECE Beperk).  
 MOSPILAN® 20 SG, Registrasiehouer: MITSUI Co, Europe Plc. Johannesburg Branch, Company. Reg. Nr. 2007/034026/10  
 MOSPILAN® 20 SG, Verspreider: Nulandis® ('n Afdeling van AECE Beperk)  
 MOSPILAN® 20 SG, Reg. Nr. L8192, Wet Nr. 36 van 1947  
 MOSPILAN® 20 SG bevat Asetamipried (asetamidien) (Versigtig)  
 MOSPILAN® 20 SG is 'n geregistreerde handelsmerk van NIPPON SODA CO., LTD TOKYO, JAPAN 🇯🇵

## Symposium: New Voices in Cereal Science and Technology

**CEREAL SCIENCE AND** Technology-SA (CST-SA), founded 33 years ago, is an association of organisations and individuals from both the private and public sectors who are involved in the science and technology of cereals. This year CST-SA will host its 4th New Voices in Cereal Science and Technology Symposium.

The main purpose of this national symposium is to provide postgraduate student bursary holders as well as early career scientists performing research in cereal science and technology the opportunity to gain experience in delivering a scientific paper.

Currently, 34 masters and doctoral students are bursary holders of the Maize Trust, Winter Cereal Trust, Sorghum Trust, The South African Corporate Training Association (SAC-TA), Sasol Trust and South African National Seed Organisation

(SANSOR), respectively.

These students, representing eleven tertiary institutions across South Africa, have the opportunity to take part in the New Voices Symposium on 11 September 2019. With this event, CST-SA aims to bring together students in cereal science from all over South Africa to report on their research on wheat, maize, barley and sorghum.

Cereal Science and Technology SA (CST-SA) was originally founded in 1986 as the South African branch (IACST-SA) of the International Association for Cereal Science and Technology (ICC). It was an initiative of Prof Piet Steyn, then Director of the CSIR National Food Research Institute. It became an independent association in 2007 and renamed.

CST-SA membership is free and the online application form is available at <http://cerealsa.co.za/join-cst-sa>. 🇷🇵

## New Managing Director for ExperiCo

**DR JOHAN FOURIE**, Managing Director of ExperiCo (Agri-Research Solutions), handed this responsibility over to Dr Ian Crouch on 1 May 2019. Dr Crouch has fulfilled the role of Director of Research. He will be assisted by Dr Fourie with the transition to MD until October 2019.

After 40 years in the Fresh Produce Industry, Dr Fourie now wants to focus on scientific research and commercial services development. After October 2019, Dr Fourie's expertise will not be lost, as he will then be appointed as a Senior Research Fellow in ExperiCo. He also remains a member of the Board of Directors.

Dr Crouch has played an integral role in ExperiCo for the past 26 years. He was awarded a PhD in Plant Physiology by the University of Natal in 1991 and has vast experience as a scientist and in management.

ExperiCo, a leading company in research and development (R & D) and commercial services, has served the agricultural industry under various business entities for more than 40 years. The main focus of ExperiCo is to evaluate and commercialise advanced technologies and services, and this holds true to the mission statement of delivering "applied smart agri-research solutions for global clients". 🇷🇵

# Landbouereuse span saam in belang van landbou en verbruikers

**Landbouereuse belê in tegnologie-oplossings en gereedskap om die produktiwiteit van boere te verbeter en verbruikersbehoefte in Afrika te bevredig.**

**CORTEVA AGRISCIENCE™** en John Deere, die wêreld se grootste vervaardiger en verskaffer van toerusting, het 'n bemarkingsberaad in Suid-Afrika gehou waar hulle hul tegnologie-oplossings en gereedskap aangebied ter bevordering van boere en gemeenskappe in Afrika.

Die geleentheid het plaasgevind pas nadat John Deere en Corteva 'n memorandum van verstandhouding onderteken het om landbou te versnel en die lewens van boere regoor die vasteland te verryk. Corteva Agriscience het op 1 Junie 2019 'n onafhanklike openbare maatskappy geword en was voorheen die landbou-afdeling van DowDuPont.

“Terwyl die wêreldbevolking steeds groei, is ons tegnologie noodsaaklik om in die wêreldwye vraag na voedsel te voorsien,” sê Tony Esmeraldo, sakedirekteur van Corteva Agriscience, Suid-Afrika. “Ons is 'n tegnologiemaatskappy en ons gereedskap stel boere in staat om ingeligte besluite doeltreffend te neem.”

Corteva Agriscience se belegging in navorsing en ontwikkeling in Afrika sluit die volgende in:

- Die Delmas-tegnologiesentrum, wat Afrika se grootste inseknavorsingsfasiliteit



**Jeanre Rudman in die Delmas-tegnologiesentrum van Corteva Agriscience se inseknavorsingsfasiliteit waar navorsing oor onder meer beheer van die herfskommaworm gedoen word.**

liteit in privaatbesit insluit, is krities vir die ontwikkeling van eienskappe om plaaslike insekplae te bestry, waarvan sommige uniek is aan die vasteland. Hierdie tegnologie maak wêreldwye entomologiese navorsing moontlik en fokus ook op die herfskommaworm.

- Gevorderde tegnieke wat gebruik word in saadteling, insluitend embrioredding en molekule merkers wat aansienlike waarde vir boere kan beteken.

- Digitale teeltstelsels, insluitend gesofistikeerde hommeltuie toegerus met 'n multispektrale kamera, lasersensors en die vermoë om driedimensionele fotografie te lewer. Hierdie spelveranderende gereedskap bevorder Corteva se teel- en produk ontwikkelingsaktiwiteite om genetiese wins doeltreffend aan boere te lewer.

- Presisiëkarakterisering met hommeltuig-tegnologie om data oor plantegroei, ontwikkeling en kondisie in te samel sodat dit bruikbare insigte lewer. Dit sluit digitale gereedskap in, soos toerusting wat voorskrifte aan gereedskap stuur om beter oesopbrengste vir boere te bewerkstellig.

Volgens Jacques Taylor, besturende direkteur van John Deere vir Afrika suid van die Sahara, is daar wêreldwyd bewyse wat 'n sterk verband toon tussen verbeterde produktiwiteit en die aanneming van vindingryke tegnologie en meganisasie.

“Landbou staan vandag voor die uitdaging om meer teen 'n aanvaarbare prys te produseer, sonder om die omgewing te benadeel. Ons sien dat landbou wegbeveeg van groter, vinniger en sterker na akkurate, veerkragtiger en aanpasbaarder. John Deere belê voortdurend in die ontwikkeling van presisiëtegnologie.”

Die doel van die driedaagse bemarkingsberaad was om betrokke te raak by, en om intelligente boerderytegnologie aan



**Marlene van Rooyen demonstree die bazoe-ka-toediener wat met inseknavorsing in die Corteva Agriscience se tegnologiesentrum naby Delmas gebruik word.**

boere en belanghebbendes te demonstree wat saamwerk met John Deere, Corteva Agriscience, die Pannar-handelsmerk en Pioneer-handelsmerk in Suid-Afrika.

Deur die krag van sy wêreldwye skaal en kundigheid kan Corteva plaaslike oplossings implementeer om die regte produk vir die regte toepassing te lewer. Die maatskappy beskik oor navorsingsgeriewe in Hawaii, Puerto Rico, Johnston (VSA), Suid-Afrika, Duitsland, China, Indië, Brasilië en Kanada.

Delmas dien as die sentrale middelpunt van Afrika se streektegnologiesentrum, wat bestaan uit 'n netwerk van bestaande navorsingsgeriewe en toetsliggings dwarsdeur Afrika, en bedien Pioneer- en Pannar-saadprodukte.

“As 'n belangrike landboumaatskappy weet ons dat ons dit nie alleen kan doen nie – samewerking is 'n belangrike deel van ons strategie en daarom werk ons saam met 'n groot landbouroespeler soos John Deere,” verduidelik Esmeraldo. .🌱



## Kerb™ FLO 400 SC HERBICIDE

Control of resistant Ryegrass and other grasses as listed on the label in canola, medics and lucerne.

# DOW AGROSCIENCES Southern Africa OFFERS YOU THE SOLUTION TO CROP PROTECTION IN YOUR CEREAL SYSTEMS



## Gallant™ SUPER HERBICIDE

Still the reliable grass herbicide that offers you a solution for a wide range of grass weeds in leguminous pastures as listed on the label.

## Cereals Systems Portfolio



## Derby™ 175 SC HERBICIDE

Control of broadleaf weeds such as Cape weed and small mallow in wheat and oats.



## Pallas™ 45 OD HERBICIDE

A post-emergence herbicide for excellent control of Bromus grass (species), Wild oats and other imported annual grasses in wheat.



## Broadstrike™ 800 WG HERBICIDE

A safe broadleaf weed herbicide for the use in leguminous pastures as listed on the label, which will fit exceptionally well in with your crop rotation program.

# Cereals Systems Portfolio

**For more information contact the registration holder:** Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • Paarl (021) 860 3620  
Centurion (012) 683 5700 • Emergency No. 082 887 8079 • Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor, Magwa Crescent, Waterfall City,  
MIDRAND, 1686 South Africa • [www.dowagro.co.za](http://www.dowagro.co.za)

ALWAYS USE AS PER LABEL RECOMMENDATION • Derby™ 175 SC contains florasulam and flumetsulam (Cautious) | Reg. No. L6781 | Act No. 36 of 1947 • Pallas™ 45 OD contains pyroxsulam (Harmful) Reg. No. L8676 | Act No. 36 of 1947 • Kerb™ FLO 400 SC contains propyzimide (Caution) | Reg. No. L4065 | Act No. 36 of 1947 • Broadstrike™ 800 WG contains flumetsulam (Cautious) | Reg. No. L6180 Act No. 36 of 1947 • Gallant™ Super contains Haloxyfop-R Methyl Ester (pyridiloxion phenoxy compound) (Caution) | Reg. No. L4962 | Act No. 36 of 1947 • Derby™, Pallas™, Kerb™, Broadstrike™ and Gallant™ are registered trademarks of Dow AgroSciences LLC



**Dow AgroSciences**

*Solutions for the Growing World*

©™ Trademark of The Dow Chemical Company ("Dow") or an affiliated company of Dow

# DIE KÖRINGMARKSITUASIE

**Nico Hawkins en Sanet Naudé**  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

## Internasionale vraag en aanbod

(Vergelyking met dieselfde tydperk van vorige seisoen tussen hakies)

Vir die 2018/19-seisoen beraam die VSA se departement van landbou (**Tabel 1**):

- 'n oes van 731,6 miljoen ton (762,2);
- totale wêreldverbruik van 735,1 miljoen ton;
- wêreld-eindvoorraad van 275,0 miljoen ton (281,3).

## Plaaslike vraag en aanbod

2018/19-seisoen – progressief 1 Oktober 2018 tot 30 April 2019 (**Tabel 1**)

Die Oesskatting Komitee skat:

- aanplantings vir die 2018/19-seisoen op 503 350 ha (491 600);
- die oesgrootte (finale skatting) op 1 868 000 ton (1 535 000);
- opbrengs op 3,7 ton/ha (3,1);
- die eerste voorlopige oppervlakteskatting vir 2019/20 seisoen op 513 450ha.

Die Vraag- en Aanbodkomitee beraam:

- produsentelewerings op 1 835 000 ton (1 547 486);
- totale aanwending (plaaslik en uitvoer) van 3 360 500 ton;
- produkte-uitvoer op 15 000 ton en heelgraan-uitvoer van 75 000 ton;
- dat gemiddeld 270 250 ton per maand verwerk gaan word;
- die oordragvoorraad vir die 2018/19-seisoen op 604 034 ton;
- 'n gemiddelde beskikbare voorraad vir 2,2 maande of 68 dae aan die einde van die seisoen.

SAGIS rapporteer tot 30 April 2019:

- lewerings was 1 804 378 ton (1 493 612);
- invoer vir dieselfde tyd was 542 860 ton (1 145 540);
- die totale aanwending was 1 853 527 ton (1 813 472);
- onaangewende voorraad was 1 149 769 ton (1 115 897).

## Internasionale en plaaslike pryse op 4 Junie 2019 (**Tabel 2**)

- Die internasionale pryse (KCBT: VSA HRW#2 koring) vir lewering in Julie 2019 was \$176,88 (\$191,58,03) en vir September 2019, \$184,97 (\$198,56).
- Plaaslike pryse (Safex) vir Julie 2019 se kontrak was R4 530 (R3 877) en vir September 2019 se kontrak R4 500 (R3 863).
- Dit het \$25 (\$31) per ton gekos om koring van Argentinië af na Suid-Afrika te verskeep en van die Golf van Meksiko af (VSA koring) het dit \$29 (\$38) per ton gekos.
- **Tabel 3** toon die invoerpariteitspryse van VSA HRW en DNS, Argentynse en Duitse koring in vergelyking met 'n maand en 'n jaar gelede.

## Invoer / uitvoer

Van 1 Oktober 2018 tot 31 Mei 2019 is:

- 'n Totaal van 741 908 ton koring vir RSA ingevoer en 62 584 ton uitgevoer. **Figuur 1** en **2** toon die lande waarvandaan koring ingevoer is, asook die lande waarheen koring uitgevoer is.
- 854 347 ton koring deur Suid-Afrika se hawens vir RSA en ander lande ontvang.

**Bronne:** SAGIS, USDA, Safex, NOK, NLBR. ♡

**Tabel 1: Internasionale en plaaslike en vraag en aanbod vir koring.**

	Internasionaal			Plaaslik			
	Projeksie 2018/19	% Vergelyking A & B	Finaal 2017/18	Prog. 2018/19 Okt '18 - Apr '19	Projeksie 2018/19	% Vergelyking C & D	Finaal 2017/18
	A		B		C		D
Bemarkingsjaar	Julie tot Junie			Oktober - September			
	(Miljoen ton)			('1000 ton)			
Oesskatting					1 868,0	21,7	1 535,0
Beginvoorraad	281,3	7,3	262,1	721,5	721,5	111,3	341,4
Lewerings	731,6	-4,0	762,2	1 804,4	1 835,0	18,6	1 547,5
Invoer	175,2	-2,6	179,8	542,9	1 400,0	-35,6	2 173,8
Totaal: Verwerk <sup>(a)</sup>	735,1	-0,8	741,1	1 853,5	3 265,5	1,1	3 229,1
Uitvoer <sup>(b)</sup>	177,9	-2,1	181,8	68,3	90,0	-20,1	112,7
Eindvoorraad	275,0	-2,2	281,3	1 149,8	604,0	-16,3	721,5

(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bron: Internasionale Graanraad, NLBR Vraag- & Aanbodkomitee, SAGIS

Tabel 2: Jongste koringpryse teenoor vorige pryse.

SAFEX	04/06/2019 Prys R	% Maand op maand	03/05/2019 Prys R	% Jaar op jaar	04/06/2018 Prys R
Julie '19	4 530,00	-3,64	4 701,00	16,84	3 877,00
Sept '19	4 500,00	-1,47	4 567,00	16,49	3 863,00


KCBT	04/06/2019 Prys \$	% Maand op maand	03/05/2019 Prys \$	% Jaar op jaar	04/06/2018 Prys \$
Julie '19	176,88	19,93	147,49	-7,67	191,58
Sept '19	184,97	22,07	151,53	-6,85	198,56

Bron: SAFEX en KCBT


Tabel 3: Koring se invoerpariteitspryse op 4 Junie 2019.

Pryse gelewer in Randfontein	04/06/2019 Prys R/t	% Maand op maand	07/05/2019 Prys R/t	% Jaar op jaar	05/06/2018 Prys R/t
VSA Golf	4 931,06	11,20	4 434,39	7,20	4 600,00
VSA DNS	5 193,78	7,55	4 829,33	2,97	5 044,10
Arg. Trigo Pan	5 062,56	10,52	4 580,82	4,57	4 841,41
EU Duitsland	4 610,59	2,28	4 507,89	14,43	4 029,25

Bron: Internasionale Graanraad



Figuur 1: RSA koringinvoer per oorsprong 1 Okt 2018 – 31 Mei 2019.



Figuur 2: Koringuitvoer na Afrika 1 Okt 2018 – 31 Mei 2019.

## Crop insurance: A vital tool minimising risk

**T**HE ATTITUDE OF South African farmers towards crop insurance is changing as they realise that purchasing insurance is one of the most accessible ways in which they can manage risk in an occupation that is fraught with challenges and obstacles, says Phillip du Preez, Head of Agriculture at Old Mutual Insure.

With limited areas of arable land available for crop production, limited water resources and the constant risk of drought looming over the horizon, farmers have had to take more notice of the various types of risk that they face than ever before, says Du Preez.

“Crop insurance, very much a ‘grudge purchase’ a few years ago, is now being regarded as one of the primary ways of reducing agricultural risk in a business where climate change is having a dramatic impact on the environment. Farmers are also conscious that, although the drought that gripped the Western Cape recently has loosened its hold, the possibility of future droughts and other weather-related damage to crops is always a reality.

“The risk for farmers also does not end once a crop has been harvested. Many farmers assume responsibility for moving crops from their farms and on to receiving depots. The possibility of losses occurring through vehicle accidents has encouraged many to cover themselves for this additional contingency by insuring crops that are in transit. With insurance cover in place, they can concentrate on their prime objective of ensuring food security for South Africans.”

As with other spheres of commercial activity, technology has brought changes to agricultural insurance. The primary

benefit for farmers is that the claims process has been simplified and sped up, a boon for farmers who need capital available to keep operating effectively.

Assessors now routinely visit farms and digitally capture claims data on their electronic tablets. Information is then submitted instantly to the claims department for settlement. The claims process is quicker, capturing errors are minimised, and the process between claims submission and payment becomes painless.

AgriCrop, Old Mutual Insure’s primary agricultural offering, can be adapted to fit the requirements of most crop farmers. In addition, it offers coverage for:

- Hail – the visible, taxable damage to plants caused by the direct mechanical action of hail.
- Fire and lightning – the visible damage caused by fire or lightning while the crop is on the insured land.
- Transit – the loss, destruction or damage to the current season’s insured crop caused by fire, lightning, reversal, and collision by vehicles within a radius of 100 km of the farm, within 30 days after the harvest has been collected.
- Frost damage – the visible, taxable damage caused by frost to the plant or parts of the plant.

“South African agriculture is a major contributor to the economy as it employs about 6,5% of the labour force and contributes about 2,5% to national GDP. As a leading provider of comprehensive crop insurance in the South African market, Old Mutual Insure is committed to supporting the farming community and assisting them to continue farming by minimising the risks associated with agriculture,” says Du Preez. 🐾

# GARS, HAWER & KANOLA SE MARKSITUASIE



**Nico Hawkins en Sanet Naudé**  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

## GARS

### Internasionale vraag en aanbod

(Vergelyking met dieselfde tydperk van vorige seisoen tussen hakies)

Vir die 2018/19-seisoen beraam die VSA se departement van landbou (**Tabel 1**):

- 'n oes van 139,8 miljoen ton;
- totale verbruik van 141,6 miljoen ton;
- wêreld-eindvoorrade van 16,8 miljoen ton.

### Plaaslike vraag en aanbod

2018/19-seisoen – progressief 1 Oktober 2018 tot 30 April 2019 (**Tabel 1**)

Die Oesskatting komitee skat:

- aanplantings vir die 2018/19-seisoen op 119 000 ha (91 380);
- 'n oesgrootte (finale skatting) op 421 790 ton (307 000);
- opbrengs op 3,5 ton/ha (3,4);
- die eerste oppervlakteskatting vir die 2019/20-seisoen op 118 500 ha.

SAGIS rapporteer:

- lewerings was 424 071 ton (304 435);
- geen gars is in die tydperk van sewe maande ingevoer nie, terwyl 15 435 ton uitgevoer is;
- die totale aanwending was 196 243 ton (207 684);
- onaangewende voorraad was 399 675 ton (296 458).

## HAWER

### Internasionale vraag en aanbod

Vir die 2018/19-seisoen beraam die VSA se departement van landbou (**Tabel 1**):

- 'n oes van 22,0 miljoen ton;
- totale verbruik van 22,7 miljoen ton;
- wêreld-eindvoorrade van 2,1 miljoen ton.

### Plaaslike vraag en aanbod

2018/19-seisoen – progressief 1 Oktober 2018 tot 30 April 2019.

SAGIS rapporteer:

- lewerings van 31 346 ton (22 604);
- totale verbruik was 36 255 ton (40 203);
- onaangewende voorraad was 41 352 ton (31 877).

## KANOLA

### Internasionale vraag en aanbod

Vir die 2018/19-seisoen beraam die VSA se departement van landbou (**Tabel 1**):

- 'n oes van 72,8 miljoen ton;
- totale verbruik van 71,7 miljoen ton;
- wêreld-eindvoorrade van 7,6 miljoen ton.

### Plaaslike vraag en aanbod

2018/19-seisoen – progressief 1 Oktober 2018 tot 30 April 2019.

Die Oesskatting komitee skat:

- aanplantings vir die 2018/19-seisoen op 77 000 ha (84 000);
- die oesgrootte (finale skatting) op 103 950 ton (93 500);
- opbrengs op 1,4 ton/ha (1,1 ton/ha);
- die eerste voorlopige oppervlakteskatting vir die 2019/20 seisoen op 80 000 ha.

SAGIS rapporteer:

- lewerings was 104 058 ton (92 674);
- totale verbruik vir dieselfde tydperk was 58 424 ton (61 822);
- onaangewende voorraad was 52 963 ton (52 935).

**Bronne:** SAGIS, USDA, Safex, NOK, NLBR, 🇺🇸

**Tabel 1: Gars, hawer en kanola se vraag en aanbod.**

Bemerkingsjaar Okt - Sep	Internasionaal			RSA (SAGIS)		
	Vooruitsigte 2018/19			Progressief 2018/19 Okt '18 - Apr '19		
	Gars Mil ton	Hawer Mil ton	Kanola Mil ton	Gars '000t	Hawer '000t	Kanola '000t
Oesskatting				421,5	Nvt	104,5
Beginvoorraad	19,0	3,0	7,2	186,1	22,7	6,5
Lewerings	139,8	22,0	72,8	424,1	31,3	104,1
Invoer	25,6	2,1	15,4	0,0	23,5	0,0
Aanwending <sup>(a)</sup>	141,6	22,7	71,7	196,2	36,3	58,4
Uitvoer <sup>(b)</sup>	26,1	2,2	16,0	15,4	0,0	0,0
Eindvoorraad	16,8	2,1	7,6	399,7	41,4	53,0

(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bronne: SAGIS, Internasionale Graanraad

# ENRICH THE LIVES OF THOSE WHO PRODUCE AND THOSE WHO CONSUME, ENSURING PROGRESS FOR GENERATIONS TO COME



## We help farms and farmers flourish

Together we forge meaningful relationships that advance the Ag industry. We earn the trust of customers and consumers by doing what is right and delivering solutions that meet their changing needs.



## We strive to be the most trusted partner

Through our partnerships and ongoing involvement in the global agriculture and food community, we earn the confidence of those who produce and consume.



## We perform with speed, productivity, efficiency, and safety

Employees are thoughtful and empowered to act with speed and flexibility, while operating within well-articulated values and measures of success.



## We constantly innovate from the outside-in

We draw upon diversity of industries, sectors and technologies. All of our employees seek and embrace an external mindset – regardless of role or discipline.



Corteva Agriscience™, the Agriculture Division of DowDuPont™ is a global research and development company and a leader in the herbicide market.

We are continuously developing solutions that balance human needs with the preservation of our environment.

Visit us at [corteva.co.za](http://corteva.co.za)

- CortevaZA on Facebook
- CortevaAME on Twitter
- @Corteva on Instagram

Paarl (021) 860 3620 • Centurion (012) 683 5700  
Emergency No. 082 887 8079  
Lakefield Building A, 2nd Floor,  
272 West Avenue, Centurion



Agriculture Division of DowDuPont™

TM, ®, SM Trademarks and service marks of Dow AgroSciences, DuPont or Pioneer, and their affiliated companies or their respective owners.

# Noordwes se boere kry kultivar-spyskaart vir volgende seisoen

**DIT IS VIR DIE** koringprodusent voordeliger om sy grond vóór planttyd in 'n goeie toestand te kry as om dit later reg te stel, sê Pannar se koringteler, André du Toit. Dit is net so belangrik om die gewas gedurende die groeiseisoen vir afwykings, peste en plaë te monitor.

Pannar se koringpakket is tydens die maatskappy se reeks Extravaganza-boeredae in verskillende dele van die land bekend gestel en by Biesiesvlei in Noordwes afgesluit. Die maatskappy se ander graan- en voergewasse is by die boeredae in demonstrasieproewe ten toon gestel en met voorligtingsessies deur spesialiste toegelig.

Vir gewasbeskerming van enige graan was Corteva Agriscience se personeel by die boeredae beskikbaar. Boere kon van Pannar se spesiale aanbod gebruik maak deur saadbestellings voor die einde van April 2019 te plaas en vir 'n geskenk te kwalifiseer.

Koringkultivars met wye aanpasbaar-



Pannar se koringteler, André du Toit (middel), saam met Dieter en Anton Hansen van Coligny.



Wehan Coertze, Charlie van Schalkwyk en Hennie Cilliers het die lesing oor koring bygewoon.



'n Deel van die groep belangstellende boere wat Pannar se extravaganza-boeredag op Biesiesvlei in Noordwes bygewoon het.

heid en hoë opbrengspotensiaal is uit Pannar se teelprogram beskikbaar. Dit sluit kultivars vir droëlandverbouing en besproeiing in wat bestaan uit wintertipes, intermedieë tipes en lentetipes vir die Wes-Kaap. Vir besproeiingsgebiede bestaan die beskikbare kultivarpakket uit die drie groeiklasse van medium-lank, medium en medium-vinnig.

Vir lente- / besproeiingskoring beveel André op grond van hulle proefresultate laer plantdigthede en vroeër plantdatums aan. Dit bevoordeel die plante se stoelvermoë en gee beter sonindringing. Hy raai besproeiingsboere ook aan om die waterprofiel so versadig as moontlik teen veldwaterkapasiteit te hou.

Om opbrengsmikpunte in besproeiingskoring te bereik en die kultivars se potensiaal beter te benut, beveel Pannar die volgende stappe aan:

- Ken die grond en bestuur dit dien-ooreenkomstig;
- pas goeie wisselbou toe;
- bestuur water doeltreffend;
- doen grondontledings – dit is noodsaaklik;
- pas goeie bewerkingspraktyke toe;
- gebruik kwaliteit saad;
- kies die regte plantdatum, saaidigtheid en saaidiepte;
- gebruik die regte planterspoed;
- monitor die gewas deur die seisoen;
- pas onkruid-, insek- en siektebeheer noukeurig en betyds toe; en
- neem water betyds weg.



Pannar se demonstrasieproewe op Makoeipan naby Biesiesvlei het 'n verskeidenheid graan-, oliesade-, voer- en weidingsgewasse ingesluit.



Pannar se teelprogram vir koringkultivars verloop suksesvol en die nuwe lyne lyk belowend, sê André. Vir besproeiingskultivars het die maatskappy hierdie seisoen voldoende saadvoorraad beskikbaar. ♡

# Verspreider van alle saad verwag gunstige seisoen

**REËN WAT LAAT IN** die afgelope seisoen geval het, maak landboustoestande vir die nuwe seisoen gunstiger en stel Suid-Afrikaanse produsente in 'n beter posisie as wat in die afgelope drie seisoene ervaar is, sê Eugene Muller, besturende direkteur van K2 Saad.

Dié maatskappy het tydens die afgelope Nampo Oesdag sy nuwe identiteit aan produsente bekend gestel en Muller het die Oesdag en K2 Saad se blootstelling daar as baie suksesvol beskou.

Sedert Klein Karoo Koöperasie in 1947 sake in die volstruisbedryf begin doen het, het die maatskappy sy fokus eers na groentesaad en later na saad vir akkerbou- en weidingsgewasse uitgebrei. Internasionale samewerkingsooreenkomste en oornames asook die uitbreiding van aandeelhouding het tot gevolg dat K2 Saad en sy groenteafdeling wat in 2018 geloods is, Nuvance, 'n wêreldwye rolspeeler geword het wat saad in bykans 70 lande bemark.

"K2 Saad is ondanks sy internasionale aktiwiteite ten volle tot Suid-Afrikaanse landbou verbind," sê Muller. "Fondse word plaaslik belê en die winste plaaslik aangewend, eerder as om dit na die buiteland te kanaliseer."

Hy het baie vertroue in sy bestuur en personeel wat sterk verhoudinge met produsente het. Dit is 'n kundige en gewillige span wat met behulp van sterk gewasgenetika en professionele raad produsente bystaan om op hulle boerderye te kan fokus.

Soos die maatskappy se belange, werksaamhede en samewerking uitgebrei het, is proefpersele en teelplase vir navorsing ook wêreldwyd uitgebrei. Dit word ingespan om die beste genetika te bekom sodat saad vir verskillende streke en omstandighede verskaf kan word.

K2 Saad het sedert 1990 'n sterk afdeling vir groentesaad opgebou. Die eerste stap daarmee was die vestiging van 'n satellietkantoor op Brits, gevolg deur wêreldwye samewerking en ooreenkomste vir die eksklusiewe verspreiding van geselekteerde groentesaad.

Met die totstandkoming van die groenteafdeling Nuvance kon K2 Saad sy horisonne verbreed en nuwe geleenthede benut, sê Muller. Dit bring byvoorbeeld voordele vir produsente mee, soos uiesaad, nuwe koolsoorte en wit en geel beet.

As een van Suid-Afrika se omvattendste verspreiders van saad vir akkerbou-, groente- en weidingsgewasse, is K2 Saad betrokke by wintergraan en bemark koring vir winter-, lente- en besproeiingsverbouing.

Die maatskappy beskou bestaans- en ontwikkelende boere as 'n belangrike mark en het 'n afdeling wat daarop fokus sodat hierdie produsente ook toegang kry tot saad van



**Spanwerk in K2 Saad en gunstiger landboustoestande maak Eugene Muller positief vir die volgende seisoen.**

gehalte. Produsente in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap is deel van K2 Saad se toekomsplanne sodat hulle in die voordele kan deel.

Wanneer bestaansboere en ontwikkelende boere toegang kry tot die jongste genetika, diens en tegnologie, sal hulle selfstandig word en saam met kommersiële produsente tot voedselsekerheid kan bydra, sê Muller.

Oor landbou se toekoms in Suid-Afrika is Muller positief. "Ons moet omstandighede in ag neem en aanpas. Fokus op dié sake wat beheer kan word en moet dit nie halfhartig aanpak nie. Sommige gebeure wat ons konfronteer is op emosies gegrond en ek glo dit sal oorwaa. Dit maak sin om met boerdery voort te gaan," is sommige van Muller se uitgangspunte wat op sterk geloofsoortuigings berus. ♡

# Teler se wenke om koringproduksie te verbeter

André du Toit  
PANNAR

Die beste kultivar in 'n groeiklas, verlaagde saaidigtheid en die navolging van "goue reëls" kan koringprodusente help om plante se potensiaal te ontwikkel en uitgawes te besnoei, is 'n plantteler se raad.

**PANNAR SE BESPROEINGSKORINGPAKKET** bestaan uit drie groeiklasse, naamlik medium lank, medium en medium kort. Die maatskappy se beleid is om net een kultivar per groeiklas vir produsente beskikbaar te stel. In die medium-lank groeiklas is dit PAN 3497, in die medium groeiklas PAN 3541 (wat die huidige PAN 3471 vervang) en die medium-kort groeiklas word deur PAN 3400 gevul.

Die huidige Pannar-reeks word saamgestel deur in elke groeiklas van die beste moontlike genetica gebruik te maak. Gevolglik word kultivars in die reeks slegs vervang word indien daar 'n merkbaar verbeterde kultivar uit die program ontwikkel word. So 'n geval is die toetrede van PAN 3541 in die plek van PAN 3471.

By vroeë plantdatums onder besproeiing word die saaidigtheid van Pannar se kultivars tot drie sakkies (75-80 kg) aanbeveel om die kultivars se maksimum potensiaal te ontgin. Saam met 'n goeie saadbed kan verlaagde saaidigtheid 170 tot 180 plante per vierkante meter laat ontwikkel, met 'n ontkiemingspersentasie van 90%. Die verlaagde stand bevoordeel 'n kultivar se stoelvermoë en lewer verskeie voordele vir die produsent.

Die eerste ooglopende voordeel is die verlaging in saadkoste. Die tweede voordeel is die potensiele verhoging in opbrengs, soos dit oor verskeie seisoene gemeet is. Verskeie faktore dra tot opbrengsverhoging by.

Wanneer Pannar-kultivars se kiemplasma teen 'n lae saaidigtheid ontwikkel, is daar minder interry-mededinging tussen plante. Dit stel elke individuele plant in staat om sy volle stoelvermoë uit te druk. Die sterker plante kan gevolglik beter en dieper wortels vorm en elke "plantfabriek" kan dus 'n groter stoorkapasiteit opbou wat later in die seisoen vir graanvul benut kan word.

Met plante wat beter ontwikkel en dus beter wortels het, kan vog wat plante vroeg in die seisoen opbou later in die seisoen benut word wanneer dit warmer is en besproeiingskedulering nie noodwendig kan bybly nie. Tydens elke plant se stoelfase word daar gevolglik primêre, sekondêre, tersiêre en ook na-are gevorm. Indien verskillende are op verskillende tye ontwikkel en nie op dieselfde tyd blom nie, kry die plant 'n ingeboude buffer teen eenmalige koueskade en dit beskerm opbrengste. Tydens 'n laat kouefase word net sekere are beskadig en dié wat die koue vrysprong ontwikkel normaal.

Dit is in teenstelling met plante wat teen 'n hoë saaidigtheid geplant word, wat net 3 tot 4 are maak wat tegelykertyd blom en dan met koue in 'n laat stadium soveel as 80% koueskade kan opdoen. Plante met 'n laer saaidigtheid het die vermoë om koue tot 'n groot mate vry te spring. Hierdie plante se are wat nie beskadig word nie kan vir die verlies aan opbrengs vergoed.

Daar is nie 'n goue resep vir koringverbouing waar alle plante dieselfde resultate van top-opbrengste sal lewer nie. Daar is wel 'n paar goue reëls wat sal verseker dat elke produsent die maksimum uit sy plantpotensiaal kan tap.

Die eerste van die goue reëls is om grond so goed as moontlik voor te berei. Dit sluit nie net die losmaak van die grond in nie, maar ook die voorbereiding van 'n goeie saadbed vir die gelyke of egalige ontkieming van saad. In hierdie tyd moet grondmonsters vir ontleding geneem word en alle moontlike tekorte voor planttyd reggestel word. 'n Goeie wisselboustelsel kan help om moontlike siektes te voorkom en om onkruid te bestuur.

Verder is dit verkieslik om met die aanvang van planttyd met 'n vol waterprofiel te begin. Dit sal waterskedulering deur die

Tabel 1: Optimum plantdatums van lentekultivars – koeler sentrale besproeiingsgebiede.

KULTIVAR	Petrusville Hopetown	Bothaville Wesselsbron Bultfontein	Douglas Prieska	Vaalharts	Modderivier Kimberley Barkley-Wes	Ventersdorp Klerksdorp Lichtenburg	Aanbevole kg saad/ha	Plante/m <sup>2</sup>
PAN 3400 (PTR)	10/6 - 25/7	10/6 - 20/7	15/6 - 25/7	20/6 - 15/7	15/6 - 25/7	15/6 - 20/7	80 - 120	180 - 250
PAN 3541 (PTR)	1/6 - 15/7	1/6 - 15/7	10/6 - 20/7	15/6 - 10/7	10/6 - 20/7	10/6 - 15/7	75 - 110	170 - 250
PAN 3471 (PTR)	1/6 - 15/7	1/6 - 15/7	10/6 - 20/7	15/6 - 10/7	10/6 - 20/7	10/6 - 20/7	75 - 110	170 - 250
PAN 3497 (PTR)	1/6 - 30/6	1/6 - 20/6	1/6 - 25/6	1/6 - 25/6	1/6 - 25-6	1/6 - 30/6	75 - 110	170 - 250

Hierdie kultivars voldoen almal aan die broodkoringklas se grade  
PTR = Kultivar deur planttelersregte beskerm

Tabel 2: Optimum plantdatums van lentekultivars – Oostelike Hoëveld, Visrivier en laer Oranjerivier-besproeiingsgebiede.

KULTIVAR	Visrivier Elliot	Laer Oranjerivier Louwna Tosca	Aanbevole kg saad/ha	Plante /m <sup>2</sup>	Aliwal-Noord Smithfield	Oostelike Hoëveld	Aanbevole kg saad/ha	Plante/m <sup>2</sup>
PAN 3400 (PTR)	20/6 - 25/7	10/6 - 25/7	120 - 140	300 - 350	20/6 - 25/7	30/6 - 5/8	80 - 120	180 - 250
PAN 3541 (PTR)	15/6 - 15/7	1/6 - 15/7	110 - 130	275 - 325	10/6 - 15/7	25/6 - 25/7	75 - 110	170 - 250
PAN 3471 (PTR)	15/6 - 15/7	1/6 - 15/7	110 - 130	275 - 325	10/6 - 15/7	25/6 - 25/7	75 - 110	170 - 250
PAN 3497 (PTR)	-	1/6 - 25/6	100 - 120	250 - 300	-	-	-	-

Hierdie kultivars voldoen almal aan die broodkoringklas se grade

PTR = Kultivar deur planttelersregte beskerm

seisoen vergemaklik.

Om kultivars se volle potensiaal te ontgin is dit belangrik om gesertifiseerde saad teen die aanbevole saaidigheid te plant volgens die vroegste plantdatum per area. Dit gee kultivars geleentheid vir egalige ontkieming en ontwikkeling en aan die produsent die beste kans vir optimum opbrengspotensiaal.

Monitor die gewas deurlopend in die seisoen en gee so spoedig as moontlik aandag aan moontlike probleme. Dit sluit onkruid- en plaagbeheer in. Swamsiektes moet verkieslik voorkomend beheer word om die genetika se volle potensiaal te beskerm.

Die laaste belangrike komponent van 'n winsgewende koringoes is om waterskedulering noukerig toe te pas sodat die

grond by veldwaterkapasiteit kan bly. Te veel water is nie net duur nie, maar dit kan sekondêre wortelprobleme tydens versuiptoestande veroorsaak.

Indien 'n produsent gedurende die seisoen water optimaal kon toedien, moet die water verkieslik betyds onttrek word om vermorsing te voorkom. Te veel water ná rypwording kan die koring se gradering nadelig beïnvloed. Weer eens is dit belangrik om die koring te monitor en nie aan die einde van die groeiseisoen te oorbenat nie.

Maak van historiese data van elke plek waar geplant word gebruik om elke land se opbrengspotensiaal te bepaal en bemes volgens projeksies vir die verwagte potensiaal. Te veel of te min bemesting vir die verbouing van koring is ewe duur. ♡

## Manufacturer presents new products for SA at Nampo

**T**HE NEW HOLLAND display at Nampo 2019 showcased the company's farming solutions which cover the complete agricultural cycle, from soil preparation, sowing, adding manure and fertilisers, to irrigation and harvesting. It included parts and services and a shop for Precision Land Management and merchandising.

Since New Holland took over direct distribution of its products and services in South Africa in 2017, their market share increased, says Federico Bellotto, New Holland Agriculture Business Director for Middle East and Africa. They currently have 21 dealers.

Vincent De Lassagne, General Manager for Middle East, Africa and Pakistan at CNH Industrial, commented: "With agriculture making such an important contribution to South Africa's economy, New Holland is proud to be helping farmers improve productivity. What's more, at the same time as enhancing efficiency, our machines also make the tasks of farming easier."

The latest New Holland T5 Electro Command™, TD3.50 and TS6.120 High Clearance tractors, the SP310 sprayer and the CR7.90 IntelliSense™ combine made their debuts at Nampo, being presented to South African press members and customers.

The T5 Electro Command™ Series tractors are fitted with the FPT Industrial S8000 4-cylinder engine with intercooled turbocharger, with three models offering power outputs of 65 kW, 72 kW and 81 kW. The Electro Command™ semi-automatic transmission, with 16 forward and 16 reverse gears, differentiates this tractor from others on the market.

For vineyards and orchards, and as a general workhorse across a wide range of enterprises, the new 4WD and 2WD TD3.50F tractor is the solution. The TS6.120 High Clearance tractor is characterised by ground clearance of 645 mm and a rated power output of 88 kW.

The SP310F front boom sprayer with 1,8 metres clearance gives the operator the best view of the spray nozzles and the field ahead to cover ground faster. Spray is delivered into the crop before the tyres go over it, eliminating the potential for dust to neutralise the spray. Tanks are available with 3 800 or 4 500 liters capacity. There are five available boom sizes, ranging from 27 to 41 meters.

The CR7.90 combine has the powerful 571 hp FPT Industrial Cursor 13 engine and Twin Rotor™ technology. Grain crackage is at an industry-leading level of just 0,1%. Opti-Clean™ ensures the cleanest grain sample and there are two types of rotors to choose from. ♡



# Naspeurbare eindprodukte kan koring laat kop optel

**Jan Greyling**  
MEDEWERKER

**Hier is 'n ding aan die kom wat die Suid-Afrikaanse koringbedryf met trots sy kop kan laat lig. Dit sal moontlik word deur winsgewende pryse aan produsente te betaal vir naspeurbare handelsmerkoring. Dié ideaal kan net bereik word as die waarheid oor die Suid-Afrikaanse koringprodusent en die gehalte van sy produk aan meulenaars, bakkers en miljoene verbruikers vertel word.**

**ONKUNDE OOR BEGRIPPE** soos gluten het van koring 'n vloekwoord gemaak, sê Aubrey Terblanche, uitvoerende hoof van Gideon Milling in Bellville in die Wes-Kaap. Verbruikers moet begin omgee en vra of die koring in hulle brood uit Suid-Afrika kom en of dit dalk 'n ingevoerde produk van laer gehalte is.

Saam met die leiergraanboer, Jurianna Schreuder van Theebo Boerdery by Hopefield, twee ander produsente-aandeelhouders en strategiese vennote, is Aubrey daarop gefokus om die verbruiker van koringprodukte doelgerig saam met die boer op 'n reis te vat, en sodoende 'n beter begrip te kweek vir die gehalte en gesondheidswaarde van plaaslike koringprodukte.

Jurianna sê meulenaars het boere nodig, en boere én die meulenaars het op hul beurt die mark nodig. "Om ons koring van die res te onderskei is naspeurbaarheid en biologiese verbouing van die plaas tot die bord noodsaaklik. Ons rekords op die plaas en by die meule lewer presiese bewys van wat met die produk gebeur, van genetika af tot in die meelsak. Ons wil die beste moontlike prys vir die produsent moontlik maak en aan die bakker en eindverbruiker lewer wat hulle vra."

"Deur eerstehandse kennis oor geenbewerking, produsente se fokus op grondgesondheid en die optimale bestuur van grondmikrobes ken Gideon Milling nou die waarheid," sê Aubrey.

Jurianna bevestig dat Gideon Milling slegs koring van hul eie aandeelhouders gebruik. Indien meer koring benodig word, koop hulle geselekteerde koring wat met die wisselbou- en minimumbewerkingstelsel verbou word. "Dit moet aan al gehaltevereistes voldoen en word teen 'n premie in uitgekoopte silospasie, geheel en al afsonderlik, opgeberg. Só word doeltreffende naspeuring van die saad tot die silo verkry. Dit bied sekerheid oor gesonde en grondvriendelike koringprodukte en produksie en vestig 'n volhoubare koringmark en koringproduksie."

Gideon Milling besoek koringplase, maak video's, neem foto's en wys aan die mark hoe 'n planter werk en waarom daar nie meer geploeg word nie. Op dié manier sien verbruikers hoe die erdwurmlewe terugkom en hoe koolstofvlakke werk. Die boodskap word verder met sosiale media versprei.

Aubrey meen die vervoerdifferensiaal en die werking van Safex bly vir baie koringprodusente in die Wes-Kaap 'n meulsteen om die nek. Party ervaar dit selfs as bedreigings. "Ons



**Sommige besendings brood wat op groot skaal gebak word verloor hul gehalte weens temperatuurskommelings gedurende vervoer en bemerking. Suid-Afrikaanse koringkultivars lewer uitstekende bakgehalte maar weens die vermenging met swak ingevoerde koring veroorsaak dit wisselvallige gehalte en probleme vir meulenaars en bakkers.**

kan nie die wêreldse werklikhede verander nie, maar ons weet wat die Suid- en Wes-Kaapse en ander Suid-Afrikaanse koringboere met hulle integriteit vir die mark se volhoubaarheid doen en kan so vir hulle beter pryse realiseer. Dit is ons storie en ons moet dit vertel."

Kommunikasie tussen die meule en die boer is sleutelbelangrik en vorm die skakel met die mark. "Dit help nie die boer plant 'n kultivar wat vir hom skiet, maar nie vir die bakker

werk nie. As hy byvoorbeeld koring met 10% proteïene lewer waarmee die bakker 'n brood kan bak, in plaas van 11,5% proteïene, kan die meulenaar B3-koring koop en aan die boer 'n premie betaal," sê Jurianne.

### Krisis by bakvaardighede

Terwyl Suid-Afrikaanse koringkultivars uitstekende bakgehalte lewer, beleef die bakbedryf 'n krisis met wisselvallige bakgehalte, sê Aubrey. Weens ingevoerde koring se swak bakgehalte moes verskeie bakkers voorheen meelsilo's ten duurste leeg pomp.

Aubrey het dr Francois Koekemoer van Sensako op Bethlehem besoek en wou as 'n meulenaar meer weet van kultivars wat ideaal vir bakvereistes is. Aubrey en sy span is besig om spesifieke, ten volle naspeurbare koringkultivars aan groot bakkerie te koppel.

Doel-geteelde kultivars is nodig om die groot leemte aan bakvaardighede, wat radikaal skaars raak en tot reuse verliese vir kettingwinkelgroepe lei, reg te stel. "Etiek en vaardighede ontbreek. Dit skep egter die ideale geleentheid vir oplossings soos gevriesde deeg, of 'frozen dough' soos dit in die bakbedryf bekend staan," sê Aubrey.

"Australië is die wêreldleier hiermee. Hier by ons kies 'n kettinggroep deesdae één bakker om sy hele reeks gebak te lewer. Dit sluit brode, ciabatas, Franse brode, knoffelbrode, kaasbrode, broodrolletjies en meer in. Die bakker meng die deeg en bak die produk grootliks vooraf voordat hulle dit vries. Die winkel voltooi dan slegs die laaste minute van die bakproses in hulle oonde."

Die meulenaar het volgens Aubrey twee markte om te oortuig: "Dit bestaan uit die gewaardeerde tannies wat beskuit bak en die mega-bakkers wat gemiddeld omtrent 2 000 ton meel per bestelling benodig. Laasgenoemde soek desperaat na konstantheid in die eindproduk. Die tuisbakkers is handelsmerkgebonde, maar vereis volhoubare gehalte en beskikbaarheid."

Die probleem is dat massabakkers se voorafgebakte produkte oor lang afstande vervoer word. Dié produkte reis vanaf -35°C in die vrieskas tot sowat -10°C in die vragmotor en dan 5-6 ure op 'n laaiblad voordat dit in die winkel se koelkas beland. Gedurende hierdie tyd begin die deeg ontvries en stysel word vrygestel. Wanneer dit in die oonde gesit word, is die

gehalte weens die temperatuurverskille wisselvallig, aldus Aubrey.

### Doelgemaakte kultivars

Aubrey is opgewonde oor produkspesifieke koringkultivars en verbouingsmetodes, wat eenvormigheid en standaardde waarborg. "Australië gebruik reeds langer as 30 jaar die sogenaamde 'waxy wheat'-kultivars, wat stysel stadig vrystel. Sensako is reeds drie jaar by Caledon, Napier, Moorreesburg, Hopefield en Malmesbury besig met proewe om te bepaal hoe hierdie kultivars, wat nog nie plaaslik gelys is nie, in die Wes-Kaap aanpas."

Navorsing op die "waxy wheat"-kultivars sluit landboukundige en lewensvatbaarheidstudies in, sodat volhoubare langtermynkontrakte vir eenvormige, gesonde, gehalte bakprodukte by winkels moontlik sal wees. Producente sal dan vir 'n spesifieke winkelgroep 'n unieke, naspeurbare kultivar kan plant en aan Gideon Milling lewer. Die oogmerk is om aanvanklik ten minste twee kultivars te ontwikkel waarmee beter pryse vir boere beding kan word.

### Kom op die winkelrak

Dit wat Aubrey as 'n kommersiële vlieënier uit die lug op plase gesien het, is dat die koringproducent "soos in 1916 met die totstandkoming van die Bokomo-handelsmerk, weer self op die winkelrak moet kom".

Sy inspirasie vir die stigting van Gideon Milling was die verhaal van Gideon in Rigters 5 en 6 in die Bybel, waar die kleinste stam van die nasie opgestaan het om die land te red. Volgens Jurianne het "die meule op 'n Godgegewe tydstop oor hul pad en die pad van die koringbedryf gekom om hoop en vooruitgang in uitdagende tye te bring".

Aubrey herinner dat koringprodukpryse sensitiewe sake is. "Mense vergeet dat wêreldopstande, soos die 'Arabiese Lente' in Sirië, weens onvoorsiene broodprysstygings ontstaan het. Die verdubbeling van die broodprys oornag in Egipte het tot bloedige opstande gelei, wat na Libië oorgespoel het, waar 'n seuntjie wat deur die polisie verbied is om vrugte op straat te verkoop, homself verbrand het. Dit het Mohadmar Ghadafi tot 'n val gebring en meer as 60 miljoen vlugteling haweloos gelaat. In Februarie 2019 het 'n styging van 35% in die broodprys chaos in Soedan veroorsaak. Dit hoef nie in ons land te gebeur nie.

"Ons sal nie die vervoerdifferensiaal kan verander nie, maar die plan is groter as dit. Dit sal deur nuwe geloof in die produsent se koring, vir elke aandeelhouer tot voordeel wees. Gideon Milling se visie is om sy tonnemaat tienvoudig te vergroot en koring van boere in die Overberg, Swartland en die Vrystaat te koop. Die mark sal toenemend vir naspeurbare koring vra en ons gehaltemerk daaragter sal die onbetwiste gesondheids- en biologiese boerderypaktyke onderskryf. Wanneer die mark toenemend hierna vra, sal ons hier wees om terug te ploeg in ons produsente se behoeftes."

Meer inligting is beskikbaar by [www.gideonmilling.co.za](http://www.gideonmilling.co.za). 🐦



Deur die samewerking van geselekteerde produsente en 'n meulenaar kan koring se voetspoor van die plaas tot by die verbruiker gevolg word. Foto: Jan Greyling.

# Vervaardiging van koringprodukte



**Sanet Naudé en Nico Hawkins**  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

**Koringmeel (2018/'19-bemarkingsjaar – progressief 1 Oktober 2018 tot 30 April 2019).**

- In die sewe maande van Oktober 2018 tot Februarie 2019 is 1 886 742 ton heelkoring gemaal.
- Hieruit is 1 854 894 ton koringmeel vir menslike verbruik vervaardig. **Tabel 1** toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.
- Witbroodmeel was 35,2% van die totale meelproduksie, koekmeel 27,6% en bruinbroodmeel 12,5% (**Figuur 1**).
- Semels, waarvan die meeste weer vir bruinbroodproduksie ingemeng word, beloop 20,5% van die totaal.
- Altesaam 15 718 ton koringprodukte is ingevoer en 6 743 ton uitgevoer.


## Panbrood

- In die sewe maande van 2018/'19 se bemarkingsjaar is 1,3 biljoen panbrode gebak, wat 5,4% meer is as in dieselfde tydperk verlede jaar. Dit is 195 miljoen brode per maand of 45,7 miljoen brode per week.
- Bruinbrood was 49,5% van die totale getal brode, gevolg deur witbrood met 49,0% en heelgraanbrood met 1,2% (**Figuur 2**).
- 75,9% van alle witbrood en 70,0% van alle bruinbrood was eenhede van 700 g. By die ongespesifiseerde gewigte ("Ander") was volkoringbrood (heelgraan) die gewildste.
- Volgens Statistieke SA het 'n witbrood van 700 g in April 2019 R13,85 gekos. Dit is 6,1% duurder as in April 2018, terwyl 'n bruinbrood van 700 g R12,56 gekos het, wat 9,5% duurder is as 'n jaar gelede.


Meer inligting kan by die volgende skakel op SAGIS se webtuiste verkry word: [www.sagis.org.za/products](http://www.sagis.org.za/products). 🌾

**Tabel 1: Koringprodukte per maand vervaardig.**

Rapportering volgens heelgraan bemarkingsseisoen: Okt-Sep	2017/'18 Okt '17 - Sep '18 (12 maande)	2017/'18 Progr. Okt '17 - April '18 (7 maande)	2018/'19 Progr. Okt '18 - April '19 (7 maande)	% Jaar op jaar
	Vervaardig			
	Ton			
Koekmeel	884 754	479 501	512 522	6.9
Bruisemeel	17 169	9 490	9 951	4.9
Witbroodmeel	1 139 270	646 620	652 857	1.0
Bruinbroodmeel	408 574	231 697	231 840	0.1
Ander meel (Industrieel)	121 959	72 563	61 272	-15.6
Volkoringmeel	3 196	1 974	2 216	12.3
Semels	653 359	365 247	379 439	3.9
Semolina	18 675	13 358	4 797	-64.1
<b>Totaal produkte</b>	<b>3 246 956</b>	<b>1 820 450</b>	<b>1 854 894</b>	
<b>Totaal heelkoring gemaal</b>	<b>3 280 581</b>	<b>1 816 331</b>	<b>1 886 742</b>	



**Figuur 1: Koringprodukte in tonnemaat Okt 2018 - April 2019.**



**Figuur 2: Pangebakte brood per soort (eenhede) Okt 2018 - April 2019.**

# JOU “EENSTOPSAADVERSKAFFER”



PANNAR bied 'n gedugte koringpakket vir produksie onder droëland en besproeiing. Die uitstekende resultate in die LNR-Kleingraaninstituut se nasionale proewe bevestig die uitstekende opbrengspotensiaal, stabiliteit en aanpasbaarheid in die verskillende produksiegebiede.

## VEELSYDIGE KORINGKULTIVARS

Kultivar	Besproeiing				Droëland, Sommerreënvalgebied			
	PAN 3400	PAN 3471	PAN 3541	PAN 3497	PAN 3368	PAN 3161	PAN 3111	
Groeiklas	Lentetipes				Intermediêre Tipe	Egte Wintertipes		
± Dae tot 50% bom	Warmer Areas	94	99	98	101	140	149	152
	Koeler Areas	104	109	108	111	130	135	140



**PANNAR**<sup>®</sup>

Saam boer ons  
vir die toekoms<sup>™</sup>

infoserve@pannar.co.za  
www.pannar.com



# DERBY™ 175 SC OFFERS EXCELLENT CONTROL OF BROADLEAF WEEDS IN WHEAT AND OATS.



**CAPE WEED**  
*Arctotheca calendula*



**SMALL MALLOW**  
*Malva parviflora*



**WILD RADISH**  
*Raphanus raphanistrum*

## Derby™ 175 SC

HERBICIDE

 CortevaZA on Facebook    CortevaAME on Twitter    @Corteva on Instagram

**For more information contact the registration holder:**

Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • Paarl (021) 860 3620 • Centurion (012) 683 5700 • Emergency No. 082 887 8079  
Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor, Magwa Crescent, Waterfall City, MIDRAND, 1686 South Africa • [corteva.co.za](http://corteva.co.za)

**ALWAYS USE AS PER LABEL RECOMMENDATION** • Derby™ 175 SC contains florasulam and flumetsulam (Caution) | Reg. No. L6781 | Act No. 36 of 1947 • Derby™ is a registered trademarks of Dow AgroSciences LLC



**Dow AgroSciences**

*Solutions for the Growing World*

®™ Trademark of The Dow Chemical Company ("Dow") or an affiliated company of Dow